**SiVEST Environmental**

51 Wessel Road, Rivonia
PO Box 2921, Rivonia
2128
Gauteng, South Africa

Phone + 27 11 798 0600
Fax + 27 11 803 7272
Email info@sivest.co.za
www.sivest.co.za

SiVEST
Established 1952

DOS verwysing: Graskoppies - **14/12/16/3/3/1/1869**
Hartebeest Leegte -**14/12/16/3/3/1/1868**
Ithemba - **14/12/16/3/3/1/1867**
!Xha Boom - **14/12/16/3/3/1/1870**

Ons verwysing: 13622 – Substasies en Kraglyne

Datum: 09 Julie 2018

Geagte Belangstellende en/of Geaffekteerde Party / Belanghebbende,

**KENNISGEWING VAN OMGEWINGSMAGTIGINGS (OM's) VIR DIE VOORGESTELDE ONTWIKKELING VAN DIE 132KV MAINSTREAM KOPPELING SUBSTASIE EN VIER (4) 132KV OP PERSEEL ESKOM SUBSTASIES EN KRAGLYNE NABY LOERIESFONTEIN, NOORD-KAAP PROVINSIE**

- **Graskoppies Substasies en Kraglyn – DOS Verwysings No: 14/12/16/3/3/1/1869**
- **Hartebeest Leegte Substasies en Kraglyn – DOS Verwysings No: 14/12/16/3/3/1/1868**
- **Ithemba Substasies en Kraglyn – DOS Verwysings No: 14/12/16/3/3/1/1867**
- **Xha! Boom Substasies en Kraglyn – DOS Verwysings No: 14/12/16/3/3/1/1870**

Ons stel u hiermee in kennis dat die Finale Basiese Evalueringsverslae (FBEv's) vir die vier (4) bogenoemde beoogde substasie en kraglyn ontwikkelings (maw Graskoppies, Hartebeest Leegte, Ithemba en !Xha Boom Substasies en Kraglyne) op die **22ste Maart 2018** deur die Departement van Omgewingsake (DOS) ontvang is vir oorweging.

Die DOS het, nadat hulle die dokumentasie nagegaan het, Omgewingsmagtigings (OM's) uitgereik kragtens die Nasionale Wet om Omgewingsbestuur (NEMA) (Wet 107 van 1998) en die Regulasies op Omgewingsimpakevaluerings (OIE-regulasies) 2014, soos gewysig, vir die ontwikkeling van al vier (4) van die bogenoemde Mainstream Substasie en Kraglyn projekte naby Loeriesfontein in die Noord-Kaap Provinsie (namelik die Graskoppies, Hartebeest Leegte, Ithemba en !Xha Boom Substasies en Kraglyne).

Die OM's vir die bogenoemde Graskoppies, Ithemba en !Xha Boom Substasies en Kraglyne is op die **27ste Junie 2018** uitgereik en gedateer. Die OM vir die bogenoemde Hartebeest Leegte Substasies en Kraglyn is egter op die **5de Julie 2018** uitgereik en gedateer. Op grond van die inligting wat voorsien is en onderhewig aan voldoening aan die voorwaardes van die OM's, is die DOS tevrede dat die applikant gemagtig kan word om die afgesette aktiwiteite vir elk van die bogenoemde beoogde projekte te onderneem.

Die redes wat hiervoor gegee word, is onder andere:

- Die identifisering en evaluering van impakte is uiteengesit in die Finale Basiese Evalueringsverslag (FBEv) gedateer 19 Maart 2018 en voldoende evaluering van die belangrike geïdentifiseerde kwessies en impakte is afgehandel.
- Die prosedure wat vir impakevaluering gevolg is, is voldoende vir die besluitnemingsproses.
- Die beoogde versagting van impakte wat geïdentifiseer en geëvalueer is, perk die geïdentifiseerde impakte na behore in.
- Die inligting wat vervat is in die FBEv gedateer 19 Maart 2018, word as akkuraat en geloofwaardig geag.
- OBPr-maatreëls vir die voorkonstruksie-, konstruksie- en rehabilitasiefase van die ontwikkeling is voorgestel en vervat in die FBEv en sal in werking gestel word om die geïdentifiseerde omgewingsimpakte tydens die konstruksiefase te bestuur.

Indien enige persoon teen enige aspek van die besluit wil appelleer, moet hy/sy ’n appèl by die administrateur van appèlle indien en ’n afskrif van die appèl aan die applikant, enige geregistreerde belangstellende en geaffekteerde party en enige staatsinstansie met ’n belang by die aangeleentheid indien binne twintig (20) dae vanaf die datum waarop die kennisgewing van die besluit aan die geregistreerde belangstellende en geaffekteerde partye gestuur is, by wyse van die volgende metodes:

**Appèlle moet skriftelik ingedien word by:**

Direkteur: Appèlle en Regsoorsig van die DOS by die bogenoemde adresse:

Per E-pos: appealsdirectorate@environment.gov.za

Per Hand
Environment House
Steve Biko Weg 473,
Arcadia,
Pretoria,
0083;

OF

Per Pos:
Departement van Omgewingsake
Privaatsak X447,
Pretoria,
0001

Neem asseblief kennis dat appèlle nie slegs na SiVEST gestuur moet word nie.

Dit moet in ag geneem word dat die OM’s op SiVEST se webwerf beskikbaar gestel is: http://www.sivest.co.za/, kliek op *‘Downloads’* en blaai dan na die gids ‘*13622 Mainstream Substations and Power Lines’*.

Vir meer inligting, tree asseblief in verbinding met SiVEST by:

**SiVEST Environmental**: Stephan Jacobs

Tel: (011) 798 0600
Fax: (011) 803 7272
Email: stephanj@sivest.co.za

Raadpleeg asseblief die aangehegte riglyne oor die administrasie van appèlle vir besonderhede aangaande die appèlproses.

Ons bedank u vir u deelname aan die Basieseevalueringsprosesse (BE-prosesse) en omdat u deel was van die openbare deelnameproses tydens die BE vir die bogenoemde beoogde projekte. U deelname was waardevol, word hoog op prys gestel en is ’n belangrike faktor om te help met die opstel van die OM’s.

Die uwe,



Andrea Gibb
Senior Bestuurder
**SiVEST Omgewingsafdeling**

Ingeslote Dokumentasie: Riglyne oor die administrasie van appèlle